# Boekbesprekings / Book Reviews

C. L. Norris-Newman: **With the Boers in the Transvaal and Orange Free State in 1880—1.** Africana Book Society. Johannesburg, 1976 (308 pp. teks, aanhangsel pp 308-384, register).

Bogenoemde publikasie, wat tans as deel VI van die **Africana Reprint Library**, 'n nuwe reeks van die Africana Book Society, posbus 1071, Johannesburg, 2000, beskikbaar is, is 'n herdruk van 'n werk wat in 1882 by die Londense uitgewer Wm. H. Allen en Kie verskyn het. In sommige opsigte, onder meer waar dit die afbeeldings in die teksgedeelte betref, is dit 'n verbeterde heruitgawe. Dit geld ook vir die voorwoord wat in 1976 deur die bekende Rhodesiese geskiedskrywer dr O. N. Ransford opgestel en tans aan die heruitgawe se teks toegevoeg is

Ons nader tans die einde van die eerste eeu wat die huidige geslag van die eerste Anglo-Boereoorlog (1880 — 1881) skei en dit is, op grond hiervan, dat dr Ransford onder meer die vraag gestel het of hierdie oorlog, en alles wat daaruit voortgevloei het, van belang was vir die verdere verloop van die geskiedenis van Suid-Afrika (en dit geld onses insiens ook ten opsigte van Engeland). Hy beantwoord die vraag bevestigend en wys op die uitslag van die voorstelling om die besit van Majuba. Majuba sou, tot jare na die slag, 'n magiese krag bly behou in die geskiedenis van Boer en Brit.

En wat omtrent die kennis van die huidige geslag van die oorlogsgebeure van 1880 en 1881? In vergelyking met die Tweede Anglo-Boereoorlog (1899—1902) is dr Ransford van mening: 'Remarkably little has been written on the earlier conflict' (p.vii).

In verband met hierdie uispraak neem ons graag hierdie geleentheid te baat om die leser se aandag te vestig op 'n redelik resente bibliografie, opgestel deur mnr R. A. Jordan, van die Universiteit van die Witwatersrand, (Johannesburg, 1969) wat uit ruim 400 verwysings na primêre- en sekondêre bronne bestaan wat regstreeks of onregstreeks, geheel of gedeeltelik en in verskillende waardeskakerings, te doen het met onderskeie aspekte van die stryd. Daar moet weliswaar opgemerk word dat 'n gedeelte van hierdie gegewens uit nog ongepubliseerde wetenskaplike verhandelings en proefskrifte bestaan, terwyl daar ook soms moeilik bekombare tydskrifartikels van uiteenlopende gehalte oor die onderwerp bestaan. Wat wel ontbreek is, altans op hierdie tydstip, 'n omvattende werk van betekenis waarin die beskikbare kennis tot vandag toe bygewerk en beskikbaar gestel is.

**Belangstelling lei tot publikasies**

Norris-Newman se publikasie van 1882 het, soms dalk ten spyte van sy joernalistieke inslag, maar andersyds juis as gevolg van hierdie kenmerk, ongetwyfeld die belangstelling van 'n toenmalige wye leserskring gaande gemaak wanneer die omvang van die lesende publiek van hierdie soort werke van bykans 'n eeu gelede in gedagte gehou word.

As 'n oud-militêre het 'Noggs' in 1879 die Anglo-Zoeloeoorlog as 'n spesiale korespondent van die Londense **Standard** beskryf, terwyl hy in 1880-1881 iets dergeliks beoog het. Aan sy oorspronklike gedagte om die verloop van die eerste Anglo-Boereoorlog aan Boerekant waar te neem en te beskryf, kon hy as gevolg van onvermydelike omstandighede geen gevolg gee nie. Hy het, gevolglik die krygsverrigtings te velde aan Britse kant beskryf, maar daarna deur Transvaal gereis om, sowel van Boer as Brit, sy gegewens aan te vul. Tewens het hy inligting ingewin oor die lotgevalle van die tydelike beleërde Britse garnisoene. Soortgelyke werk is ook verrig deur die Natalse skrywerjoernalis Thomas Fortescue Carter, van Pietermaritzburg. Sy publikasie **A narrative of the Boer War: its causes and results,** het in 1883 by die Londense uitgewer Remington en Kie verskyn.

Carter se publikasie, wat die leser in meer as een opsig aan Norris-Newman se weergawe van die stryd laat dink, is opnuut gedruk in 1899 en in Londen deur John Macqueen uitgegee. Op dié tydstip het, na aaanleiding van hernude militêre bedrywighede tussen Boer en Brit in Suid-Afrika, ook weer 'n mate van belangstelling vir die eerste Anglo-Boereoorlog (1880-1881) ontstaan.

Daarna het, soos reeds aan die hand van die vroeër genoemde bibliografie verklaar is, navorsers en skrywers óf op sekere aspekte van die gebeure van 1880-1881 ingegaan of

die tydperk as 'n geheel weer onder oë geneem. 'n Voorbeeld van laasgenoemde bedrywighede is die proefskrif van dr M. Heyns, **Die Eerste Vryheidsoorlog, 1877-1881.** (Pretoria, 1941). Met betrekking tot sekere aspekte kan onder meer dr W. J. de Kock se bydrae 'Die slag op Spitskop genoem word wat in **Die Taalgenoot** (Oktober 1956) verskyn het en waarvan die inhoud hoofsaaklik betrekking het op die aanvallende Boeremagte.

## Norris-Newman aan die woord

Soos 'n deel van die ondertitel van Carter se werk lui, het hierdie skrywer 'n geruime tyd stil gestaan by die oorsake van die oorlog van 1880-1881 en, deur hierdie werkwyse, ruim 100 bladsye van sy publikasie aan agtergrond beskrywing bestee. Hy het, met die doel om sy lesers in te lig, die geskiedenis van Suid-Afrika van 1652 af gevolg en dit hoofsaaklik aan die hand van Noble se **South Africa, Past and Present** (p.xvi). Onder meer het hy die geskiedenis van die totstandkoming van die twee Boererepublieke (die ZAR en die OVS) onderskeidelik in 1852 en 1854 beskryf en daarna veral nadruk gelê op die Transvaalse geskiedenis tot die anneksasie in 1877. Daarna is, in ruim twee hoofstukke (IX, X) die lotgevalle van die geannekseerde gebied tot die begin van die oorlog (Potchefstroom, Desember 1880) geskets. Dan volg 'n uitvoerige beskrywing van die geveg by Bronkhorstspruit, wat aangevul is deur die teks van die amptelike berig te velde soos op 26 Desember 1880 deur lt-kol P. R. Anstruther opgestel is. (pp. 336-338 en 'n amptelike lys van die Boere se verliese (p. 381). Dit is, veral vir die student en die liefhebber van militer-historiese onderwerpe, in die besonder hierdie amptelike dokumentasie wat onses insiens die boek van Norris-Newman waardevol maak. Tewens meen ons hier 'n poging van die skrywer te sien om, doelbewus en weloorwoë, 'n betroubare grondslag aan sy werk te gee. Dieselfde geld ten opsigte van sy dokumentasie van staatkundige en politieke aard.

Die hoofstuk oor Laingsnek (pp 146-168) is voorsien van 'n skets wat in November 1881 deur die skrywer van die Britse- en Boereposisies van Schuinshoogte tot Laingsnek vervaardig is. In hoofstuk XVI, die geveg by Ingogo (Schuinshoogte) is, soos ook dikwels in ander gevalle gedoen is, sowel die amptelike Britse siening van die verloop van die stryd (aangevul met byvoegsel H) as die Boere se mening (soos gepubliseer in die **Staats Courant,** Februarie 1881) aan die lesers voorgelê.

In Maart 1881 het Norris-Newman daarin geslaag om, deur die Oranje-Vrystaat, met die Boere op Newcastle in aanraking te kom. Die Majuba slag het reeds tot die verlede behoort, die onderhandelings oor 'n toekomstige vrede het begin. Weliswaar deel die skrywer sy indrukke oor hierdie wapen feit mee, maar daarna wy hy meer aandag aan die reeds genoemde onderhandelings waaromtrent hy 'n groot aantal gegewens verstrek wat die leser in staat stel om die verrigtings op die voet te volg.

Van besondere belang is hoofstukke XXI, en XXII waarin die skrywer besonderhede verstrek oor die beleërde dorpe in Transvaal. Daarna beskryf hy die werksaamhede van die **Royal Commission** te Newcastle en Pretoria, die ondertekening van die Pretoriase konvensie, die daaropvolgende bestuursoordrag en die ratifikasie op 25 Oktober 1881. Reeds voordat hierdie geskiedkundige gebeurtenis plaasgevind het, het die outeur sy manuskrip vir publikasie na Engeland gestuur.

Van besondere waarde is die skrywer se terugblik oor die anneksasie periode in hoofstuk XXVI.

## Militêre-historiese betekenis

Die militere-historiese betekenis van die werk lê onder meer in die feit dat die skrywer, ookal as gevolg van sy militêre opleiding, nie alleen belanggestel het in die militêre gebeure nie, maar ook met 'n mate van gesag oor dié onderwerp kon skryf. Dit blyk nie alleen uit die verslae van die militêre botsings nie, maar ook uit sy hoofstukke (XXI en XXII) oor die ervarings van die Britse garnisoene in die Transvaalse dorpe, sy liefde vir die fyner militêre besonderhede en die besondere nuttige en verhelderende aanwending van militêre kragmetings tussen Boer en Brit in 1880 en 1881.

Tewens kom hy, militêr-histories beskou, tot sekere gevolgtrekkings in verband met die verloop van die militêre gebeurtenisse (p.297 en volgende). Hy spreek hom uit teen die

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 6, Nr 4, 1976. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

Britse kortdiensstelsel wat volgens sy mening nie bevorderlik vir die ontstaan van 'n waardevolle korpsgees, geoefendheid en uithoudingsvermoë is nie.

Hy kla oor die ontoereikende teoretiese- en staf-opleiding van die Britse offisier, verklaar dat die dae van die swaard en die kavallerieaanvalle verby is en dat nie alleen deur moed, 'n geveg of 'n oorlog gewen kan word nie. In verband met die verloop van die geveg by Bronkhorstspruit wys hy daarop dat lt-kol Anstruther voldoende ingelig was om 'n verrassingsaanval uit te skakel en dat ontoereikende verkenningswerk van Britse kant verrig is.

Dan verklaar hy, met verwysing na die gevegte teen die Boere in die Transvaals-Natalse grensgebied:

> 'Theory and knowledge of tactics are all very well against highly-trained, disciplined, and organized enemies, whose movements will be based on similar principles. But when the enemy fights irregularly and on a totally different system, success is to be obtained solely, if at all, by meeting them with their own weapons, and by a ready method of adaptation to the practical circumstances' (pp. 299-300).

In verband met die Boere se optrede volg dan op p. 301, die volgende erkenning:

> 'Their tactics have taught us lessons which might with great advantage be studied by men who are considered authorities on military matters. They move with a rapidity that, compared to the snail-like pace of our men, seems like lightning. Their doings are not cut and carved by rule, precedent, and red-tape; good common sense governs. their actions.'

Daar is, in ander verband, nog 'n waardevolle aspek in hierdie werk wat ongetwyfeld die aandag van die leser verdien. Dit is die feit dat 'n aantal Britse offisiere van die Eerste Anglo-Boereoorlog (1880-1881) generaals tydens die daaropvolgende oorlog van 1899-1902 was. Onder genl-maj sir George Pomeroy Colley, KCSI CB, CMG, het onder meer diens gedoen kol (later genl sir) Redvers Buller wat in 1899 weer op die toneel sou verskyn.

Wie die oorlogsgebeure van 1880-1881, soos deur 'n bevoegde waarnemer met 'n militêre agtergrond gesien en beskryf, weer 'n slag wil nagaan, kan C. L. Norris-Newman se werk — soos dit tans weer beskikbaar is — nie by hierdie studie ontbeer nie. Dit is een van die redes dat ons die herverskyning toejuig.

— Jan Ploeger.